# St. Guy van Anderlecht

## 12 September

(c950-1012)



Hy staan bekend as die ‘Arm man van Anderlecht’, ’n stadjie in die moderne België. Gebore in armoede het hy op ’n jong ouderdom besluit om God te vra om hom te help om sy armoede en haglike omstandighede te leer lief kry. Sy uitkyk op die lewe het dus radikaal verander en hy kon die mooi in elke dag vind. Aanvanklik werk hy op die lande as plaasarbeider, maar omdat hy elke vrye oomblik by die kerk deurgebring het, begin die priester hierdie ongeletterde plaasjapie as sakristaan op te lei. Later gaan hy op ’n pelgrimsreis na die Heilige Land, waar hy ’n aantal jare in Jerusalem gewoon het en as gids vir pelgrims opgetree het. Terug in sy vaderland hervat hy sy taak as sakristaan tot en met sy dood. Hy word tradisioneel vereer as die beskermheilige van sakristane.

© Die Oratorium Uitgewery